Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

**EXAMINATIONS AND ASSESSMENT CHIEF DIRECTORATE**
Home of Examinations and Assessment, Zone 6, Zwelitsha, 5600
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website: www.ecdoe.gov.za

# 2024 NSC CHIEF MARKER'S REPORT

| | | | |
|---|---|---|---|
| **SUBJECT** | **AFRIKAANS HOME LANGUAGE** | | |
| **QUESTION PAPER** | | **2** | |
| **DURATION OF QUESTION PAPER** | **2½ hours** | | |
| **PROVINCE** | **EASTERN CAPE** | | |
| **NAME OF THE INTERNAL MODERATOR** | **Me. Jeanette Schoeman** | | |
| **NAME OF THE CHIEF MARKER** | **Me. Hannatjie Young** | | |
| **DATES OF MARKING** | **1/12/2024 – 13/12/2024** | | |
| **HEAD OF EXAMINATION:** | **MR E MABONA** | | |

**SECTION 1: (General overview of Learners Performance in the question paper as a whole)**

Die Oos-Kaap se punte het in die algemeen baie verbeter, maar die feit dat Afrikaans Vraestel 2 op die tweede laaste dag van die eksamen geskryf is, was 'n groot probleem. Die feit dat daar ook nog Landbouwetenskap op dieselfde dag geskryf is, het dié probleem vererger. Selfs die toppresteerders was al teen die 25ste November moeg geleer en die swakker leerder het glad nie geleer vir die vraestel nie.

Die kandidate het die vraestel goed beantwoord, alhoewel daar nog steeds leerders is wat terugval op generiese antwoorde.
Die Drama en Roman se langvrae is beter beantwoord, alhoewel dit duidelik sigbaar is waar leerders nie werklik onderrig ontvang het in die genre nie en die roman en drama net gelees is. Die swak kandidaat val nog steeds terug op "storievertelling".
Leerkragte word aangemoedig om aan die begin van die jaar (tydens hulle beplanning) deur die vorige jaar (Junie. September en November) se vraestelle te gaan en hulle aanbiedinge sodoende aan te pas. Probeer die vraagstelling in die klas bekend stel, dan is dit nie verwarrend in die eksamen nie.
Dit is van kardinale belang dat leerkragte hulle leerders leer hoe om 'n vraag te ontleed, deur na die werkwoorde en bepunting te kyk. Die leerders het vele kere die tweede gedeelte van 'n stapelvraag

gemis en nie eers probeer antwoord nie.
Kandidate moet in die klaskamer gewys word hoe om stapelvrae te ontleed. Leer hulle om die antwoorde onder mekaar neer te skryf - indien dit in 'n paragraaf geskryf word, raak van die antwoorde soms weg.
Daar sal nooit in 'n Afrikaans Huistaal vraestel meer as een punt vir een antwoord gegee word nie. Indien 'n vraag meer as een punt tel, moet die leerder meer as een antwoord/ stelling gee.
Die ironie-vraag bly nog steeds 'n tameletjie. Kandidate moet geleer word om te eers te skryf wat **verwag** word, **maar** die teenoorgestelde gebeur.
Verkeerde keuse van vrae is ook minder. Kandidate moet geleer word onthou om een opstelvraag en een kontekstuele vraag te in Afdeling B en C te beantwoord.

**SECTION 2: Comment on candidates' performance in individual questions**

**QUESTION 1: Vroue van Vermeer**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Baie min kandidate het hierdie vraag probeer antwoord. Dié wat dit wel aangepak het, het gesukkel met die terminologie – retoriese middele en woordgebruik. 'n Paar kon egter van die teenstellings bewys.
'n Gebrek aan behoorlike taalgebruik en woordeskat laat die kandidate ook in die steek. Hul sukkel werklik om sinvolle gedagtes korrek neer te skryf. In die opstelvraag is die korrekte toon en styl deurslaggewend.

**(b) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

Die skryf van 'n literêre opstel bly 'n tameletjie. Leerkragte kan die kandidate dit op die hart druk dat die tegniese aspekte wat in sodanige vrae voorkom uit die gedig bewys moet word en nie slegs 'n oorsig oor die hele vraag moet gee nie.
Dit is belangrik om die kandidate daarop te wys dat in enige opstelvraag in vraestel 2 'n duidelike opening, middel (met meer as een paragraaf) en slot moet hê.

**(c) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Dit is van groot waarde om nog steeds die leerders 'n metode te onderrig vir die beantwoording van die opstelvraag. Die PIV-metode werk op 'n sekere vlak, maar die leerders sukkel om die punt weer terug te trek na die stelling in die openingsparagraaf. Maak eerder gebruik van **PIVS-metode : Punt** (maak 'n

stelling), **Illustrasie** (gee 'n voorbeeld uit die roman of drama), **Verduideliking** (brei uit op die voorbeeld) en dan **Skakel** (skakel die punt met die stelling in die openingsparagraaf). Sonder die **Skakel**-deel kan die leerder nie 'n "gemotiveerde feit" skryf nie. Onthou egter die metode is slegs 'n onderrigmetode, want die antwoord hoef nie in die PIV-metode aangebied te word nie.
Sommige sentrums begin die letterkundige opstel met retoriese vrae. Dit is asof dit so onderrig is. Baie minder voorafgeleerde langvrae word geskryf wat dan ook verblydend is.
Die vraag word ook in die derdepersoonsverteller geskryf, dus die gebruik van "ons" of "jy" is onvanpas. Dit is belangrik dat die opstel as 'n wetenskaplike ontleding van 'n hipotese of stelling gesien moet word en nie 'n beredenerende opstel nie.
Moet onder geen omstandighede van kolpunte of opskrifte gebruik maak, om argumente of nuwe paragraaf aan te dui nie.
Die slot is moet weereens aansluit by die openingsparagraaf. Vir die slotparagraaf moet die openingsparagraaf letterlik net weer omskryf word.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Kandidate moet asseblief geleer word om elke nuwe vraag op 'n nuwe bladsy te begin, met die vraagnommer bo-aan. Ook moet daar seker gemaak word dat die kandidaat netjies skryf. Soms is dit bitter moeilik om 'n antwoord te lees.

**QUESTION 2: Die Bokser**

**(a) General comment on the performance of Candidates in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Vraag 2 en 3 is die meeste in die Oos-Kaap beantwoord, alhoewel leerders nie so goed in Vraag 2 gevaar het nie.

**(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

2.1 Kandidate moet let op die instruksie "'n Woord". Daar word net een woord verwag van die kandidaat en nie 'n omskrywing nie. 'n Billike vraag.

2.2 Die verskil tussen OPEENVOLGENDE en AFSONDERLIKE woorde moet asseblief in die klas geleer word. Hierdie was besliste punte indien die leerder die twee terme verstaan. Die meeste kandidate het hier drie punte verwerf. 'n Billike vraag.

2.3 Die leerders het weer eens met die terminologie "ENERSYDS" en "ANDERSYDS" gesukkel. Dit is reeds in die Junie 2023- eksamen gebruik. Dit is dus baie belangrik dat onderwysers na vorige eksamenskrifte kyk, om sodoende hulle leerders doeltreffend voor te berei vir enige vorm van vraagstelling. Kandidate het nie geweet wat die TEMA van die gedig is nie en het dus gesukkel om by die antwoord uit te kom. Ook is dit belangrik om te onthou dat die memorandum twee antwoorde

verwag, naamlik hoe die woord “maar” en die woord “tog” die tema van die gedig beïnvloed.

2.4 Baie kandidate het vraag 2.4 en 2.5 omgeruil. Eerstens is dit belangrik om te EVALUEER- d.w.s. is dit geslaagd al dan nie? Daarna volg die verduideliking van die stelling.

2.5 Leerders het hier net generiese antwoorde gegee. Leerkragte kan vir die kandidate leer om die woorde: “Die leser word BETREK deur ...” te gebruik.
Onthou om ook pertinent JA/NEE voor die motivering te skryf.

2.6 Alhoewel die vraagstelling duidelik was, het kandidate gesukkel om die letterlike en figuurlike te koppel aan die TWEE-gedagte (koeplet/paarrym). Letterlike en figuurlike betekenis word soms nog omgeruil.

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning.**

- ‘n WOORD beteken net een woord en nie ‘n omskrywing nie.
- AFSONDERLIKE woorde word uit gekose reëls gekry en sal dan nie OPEENVOLGEND wees nie.
- Moedig kandidate aan om die werkwoorde en voegwoorde in elke vraag te glim/ onderstreep. Op so ‘n manier sal hulle dadelik sien wat verwag word EN of daar meer as een antwoord gegee moet word.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

- Kandidate moet beide begrippe ken nl. letterlik/denotatief of figuurlik/konnotatief. Enigeen kan in die vraestel voorkom. Probeer die gedig eers in die geheel behandel, voor daar die strofes behandel word.
- Kandidate MOET elke vraag op ‘n nuwe bladsy beantwoord en ‘n LYN tussen elke antwoord laat.
- Dit is baie belangrik dat stapelvrae in die volgorde soos dit gevra word, beantwoord moet word.

**QUESTION 3: Tsunami**

**(a) General comment on the performance of candidates in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Vraag 3 het saam met Vraag 2 voorkeur by die kandidate geniet. Hulle het egter beter gevaar in Vraag 3 as in Vraag 2. Terminologie bly steeds ‘n uitdaging,

**(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

3.1 Dit was ‘n billike vraag, alhoewel kandidate se antwoorde heeltemal te lank is, wanneer net twee woorde gevra word. Die eerste deel van die vraag is goed beantwoord, maar baie het klei getrap met die tweede deel. Kandidate sukkel met die term, PERSONIFISEER. Kandidate moet geleer word om elke antwoord in sy eie reël te skryf.

3.2 Kandidate het ‘n voorbeeld aangehaal in plaas van die halfrym te benoem. Leerkragte moet asseblief kandidate in die literêre terminologie soos bv. halfrym, verstegniese middele en

retoriese middele onderrig. Vir die tweede gedeelte van die vraag, het die kandidate in generiese antwoorde verval. “Dit laat die leser ver dink”, is nooit ‘n voldoende antwoord nie. Waaroor of waaraan moet die leser dink?

3.3.1 Dit is belangrik vir leerkragte om die kandidate te leer dat indien die vraag na sekere versreëls verwys, die antwoord dan daaruit moet kom.

3.3.2 Gelukkig moes die kandidate nie die beeldspraak benoem nie, omrede baie kandidate (metafoor) neergeskryf het, wat in hierdie geval verkeerd is.

Kandidate moet geleer word wat die verskil tussen ‘n metafoor en ‘n vergelyking is.

3.3.3 Kandidate wou weer eens die skryfwyse benoem, in plaas van die funksie.

3.4 Billike vraag en kon maklik beantwoord word, alhoewel baie kandidate met die term, “oordadigheid” gesukkel het.

3.5 Billike vraag, maar die kandidate het nie besef tegniese middele en verstegniese middele is dieselfde nie, en het dus die antwoord geraai.

3.6 Kandidate moet onthou om hulle antwoord te begin met JA of NEE. Pasop vir generiese antwoorde soos “Die mens moet nie die krag van die natuur onderskat nie.” Die antwoord moet met die slot van die gedig korreleer.

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

- Pasop vir generiese antwoorde. Sorg dat die vraag beantwoord.
- Kandidate moet asseblief in die verskeie terminologie soos bv. halfrym, verstegniese middele en retoriese middele onderrig word.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

- Kandidate moet kort en bondige antwoorde gee. Dit is baie belangrik om kandidate daarop te wys dat hul seker moet maak dat hul al die aspekte wat in ’n vraag na vore kom, beantwoord moet word.
- Veral die beter kandidate omskryf eers die vraag en na ‘n lang relaas kom hulle by die antwoord uit. Kandidate moet onderrig word om tot ‘n punt te kom - die verduideliking kan na die tyd geskryf word.
- Dit is baie belangrik dat stapelvrae in die volgorde beantwoord moet word soos dit gevra word.

**QUESTION 4: Suiwer Wiskunde**

**(a) General comment on the performance of candidates in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Die vraagstelling in hierdie vraag was oor die algemeen baie moeiliker en die leerders het gesukkel om by die nasienriglyn se antwoorde uit te kom.

**(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

| | |
|---|---|
| 4.1 | Kandidate moet hou by die opdrag wat TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE stipuleer. Met die tweede gedeelte van die vraag het kandidate die fout gemaak om weer aan te haal, maar die vraag het gevra dat die kandidaat dit moet beskryf. |
| 4.2 | Hierdie vraag was oor die algemeen goed beantwoord. |
| 4.3 | Dit is belangrik dat die kandidaat die woord "hang" as deel van die voorplasing-antwoord sal aanbied. Die kandidate het die tweede gedeelte van die vraag oor die vergelyking goed beantwoord. |
| 4.4 | Die woord "tegniek" in plaas van "verstegniese middel" het die die leerders verwar. Die vraag is nie goed beantwoord nie, en dit was vir onderstel om 'n gegewe punt te wees. |
| 4.5 | Die kandidate het die enjambement-vraag goed beantwoord. **Wenk:** Leer die kandidate om die antwoord te begin met wat **VERWAG** word en dan die **MAAR** gedeelte. Die kruisrym gedeelte was egter 'n moeilike vraag en leerders het gesukkel om by die antwoord uit te kom. |
| 4.6 | Hierdie vraag is gemiddeld beantwoord. Kandidate het eerder gefokus of "ligbruin" en "wit en blou" i.p.v. op die afwesigheid van kleur, in hulle antwoorde. |

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning.**

- Leer die kandidate om 'n ironie-vraag te beantwoord deur met wat **VERWAG** word te en dan die **MAAR -** gedeelte.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Kandidate se handskrif is belangrik en dit kan in die pad staan van 'n goeie punt. Indien die merkers nie die handskrif kan lees nie, kan hulle dit nie merk nie. Begin al om die graad 11's te onderrig om op hul handskrif te let.

**QUESTION 5**

**(a) General comment on the performance of candidates in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Op die oog af het die ongesiene gedig as uitdagend voorgekom, maar die kandidate het ons verbaas en by die antwoorde uitgekom.

**(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

| | |
|---|---|
| 5.1 | Dit was 'n maklike vraag, alhoewel kandidate nie altyd weet wat 'n vergelyking is nie en dus verkeerd geraai het. |
| 5.2.1 | Maklike en billike vraag. Die meeste kandidate het dit reg gekry. |
| 5.2.2 | Die kandidate het gesukkel met die "woordgebruik" en het nie lekker verstaan hoe die vraag beantwoord moet word nie. Die retoriese middel deel van die vraag was beter beantwoord. |
| 5.3 | Indien die kandidate letterkundige begrippe soos bv. "kontras" ken, was die vraag baie maklik en billik. Dit is egter nodig dat kandidate die antwoorde in die volgorde wat dit gevra word, aanbied. Begin elke antwoord in 'n nuwe reël. |

5.4.1 Indien die kandidate weer eens hulle letterkundige begrippe ken en verstaan sou hierdie vraag glad nie ‘n uitdaging gewees het nie.

5.4.2 Kandidate wat verskillende verstegnieke ken, sal hierdie vraag ook nie moeilik gevind het nie.

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

Die ken en verstaan van verstegniese middele en tegnieke, so ook letterkundige begrippe, is van kardinale belang. Teen die tyd dat Graad 12’s eksamen skryf, moet daar nie meer ‘n probleem met halfrym of retoriese middele wees nie.

Kandidate moet gereeld die geleentheid kry om ongesiene gedigte te oefen. Gee voorbeelde uit ou vraestelle vir u kandidate om as ’n vinnige klastoets te beantwoord en maak hul gewoond aan hierdie soort vraag.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Dit is broodnodig dat die basies elemente van digkuns van graad 8 af in die klaskamer onderrig word. Kandidate verloor onnodige punte as gevolg van die gebrek aan basiese kennis.

**QUESTION 6- Onderwêreld: Langvraag**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Oor die algemeen het die kandidate beter in hierdie vraag as die kontekstuele vraag gevaar. Die swakker kandidaat het steeds op storievertelling teruggeval as om die vraag punt vir punt te bespreek.

Kandidate het meer oor Greg se pa, as oor Greg se keuses, geskryf.

Die toon van die opstelle is baie keer verkeerd. ‘n Letterkundige opstel word in die derdepersoonsverteller geskryf en GEEN retoriese vrae nie. Die nuwe tendens is besig om sy kop in die Oos-Kaap uit te steek, en dit maak dat die opstel nie meer letterkundig is nie, maar wel beredenerend.

**(b) Why were the questions poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

- Kandidate het nie die vermoë om argumente te formuleer nie en moet in die klas aan verskeie onderwerpe en temas blootgestel word.
- Die struktuur van die opstelle is baie swak.
  - Onsamehangende inhoud: skryf rond en bont of irrelevant tot die vraag.
  - Swak, of geen inleiding en slot. Dit is iets wat in die klas onderrig moet word. Die **Inleiding** moet kort en kragtig wees en relevant tot die vraag. Die **Slot** moet aansluit by die **Inleiding**.
  - Beplanning was oor die algemeen baie swak en dit het tot swak opstelle gelei.
  - Sinskonstruksie moet aandag geniet. Die sinne is geneig om te lank en lomp te wees. Dit veroorsaak dat leerders belangrike punte mis.
  - Paragrafering is ook baie belangrik. Leerders neig nog om een lang middel paragraaf te skryf. Onthou om een gedagte te hou tot een of twee paragrawe.

- Daar is steeds leerders wat kolpunte en/of opskrifte gebruik. Onderrig leerders dat dit glad nie die korrekte formaat is nie.
- Kandidate sukkel om by die punt uit te kom, en het 'n hele aanloop en verduideliking. Geen agtergrond is nodig nie; kom tot die punt.

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

- Dit is van kardinale belang om kandidate aan die **rubriek** bloot te stel. Bespreek dit met kandidate en verduidelik hoe daar gemerk word. Bv. Die onderwyser maak 'n klein kolletjie vir 'n feit wat net genoem word, en dan kry dit 'n hoofletter **M of V** met 'n sirkel om, indien die feit goed gemotiveer is. Nadat die onderwyser deur die opstel gelees het, die verskillende halwe en volle feite aangedui het en ook die taalfoute uitgewys het, gaan jy na die rubriek. Begin in die middel, by GEMIDDELD. Kyk of jy by elke kolpunt by INHOUD 'n regmerkie kan kry. Ook of dit kan opskuif na KNAP of eerder af na Elementêr. Doen dit ook in die STRUKTUUR EN TAAL-gedeelte.
- Daar moenie gefokus word op die woordetal nie, maar eerder op die argumente.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

- Kandidate sukkel om argumente te formuleer en sukkel ook om dit te staaf. Dit is iets wat in die klas ingeoefen word.
- Daar is ook nog sentrums wat deur die bank feitefoute (bv. Wiskunde punt verander of Eckardt se pa is dood) maak. Indien dit nie gesê word in die boek nie (selfs al staan dit in die opvolgroman) kan dit nie aanvaar word nie. Dus is dit ook beter om nie in die graad 12's se jaar te gesels oor Donker Web nie. Talle kandidate het in die strik getrap en uit 'n alwetende oogpunt geskryf.

**QUESTION 7: Onderwêreld – Kortvrae.**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Hierdie was die moeilikste vraag van die vraestel en die kandidate het gesukkel om goeie punte te kry. Kandidate ken nie die fyner detail nie - dit sal help indien kandidate twee keer deur die roman kan werk.

**(b) Why were the questions poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

7.1 Meeste kandidate het hierdie vraag reggekry, alhoewel sommige dit wou omskryf in plaas van net dit benoem.

7.2 Die kandidate het net die een kant van die vraag beantwoord en nie die vergelyking tussen John

en Eckardt getrek nie. Waar daar gevra word om iets te vergelyk, moet beide kante, vir 'n volledige punt gegee word.

7.3 Die ironie pootjie nog die meeste kandidate, en selfs die leerkragte. **Wenk:** Leer die kandidate om die antwoord te begin met wat **VERWAG** word en dan die **MAAR** gedeelte.

7.4.1 Kandidate het gesukkel om by die emosie uit te kom, maar dit was 'n billike vraag.

7.4.2 Kandidate het gesukkel met hierdie vraag en kon dit nie werklik beantwoord nie. Dit is van kardinale belang dat daar in die klas ook na die terminologie in die roman, gekyk word. In hierdie geval, moes die kandidate watter rol Nicole speel, bespreek. Is dit werklik nodig dat daar so 'n karakter in die verhaal moes wees?

7.5.1 Kandidate moet fyn lees en mooi kyk waar die uittreksel vandaan kom. Dit is hier waar kennis oor die roman en die detail baie belangrik is.

7.5.2 Weer is dit van belang dat die kandidaat die verskil tussen emosie en houding kan uitken en beskryf. Hierdie vraag is swak beantwoord.

7.6 Billike vraag en leerders het die vraag goed beantwoord.

7.7 Maklik en billike vraag.

7.8 Hier is die kandidaat wat nie die roman goed bestudeer het nie, weer gepootjie.

7.9 Kandidate het ook hier klei getrap. Dit is baie belangrik dat die antwoorde in dieselfde volgorde as die vraag geskryf word.

7.10 Dit is belangrik vir kandidate om 'n oordeel uit te spreek voor die antwoord gemotiveer word. (Dit is goed .... of dit is sleg ....)

7.11 Billike vraag. Kandidate moet net die detail in die boek ken.

7.12 Kandidate het nie lekker die begrip, karaktergroei of ontwikkeling onder die knie nie. Die antwoord moet na al twee tekste verwys.

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

Die teks moet behoorlik gelees en geïnterpreteer word. Goeie resultate kan nie verwag word indien die kandidate nie die storie en die karakters ken nie.

Onderwysers moet tydens die lees van die teks hier en daar stop en die soort vrae wat in hierdie vraestel gevra word op daardie bladsy/e wat gelees word, toets. Dit is nie net genoeg dat die kandidate die storie ken om dit te kan vertel nie. Laat hul met die lees van die teks al afleidings maak, die rol van die verteller bekyk, verskille en ooreenkomste aandui, ens. Gebruik hierdie vrae as templaat en staan stil by enige bladsy/e en toets kandidate se insig oor enige gedeelte in die teks aan die hand van hierdie kontekstuele vrae. Moenie staatmaak op die vrae in Mind The Gap nie; dit is nie voldoende vir leerders nie.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Laat die kandidate gereeld inhoudstoetse skryf, maar maak kandidate gewoond aan
die soort vrae wat in eksamens gevra word – deur na ou vraestelle te kyk en veral die

memorandums van die vorige langvrae deur te werk. Dit bied wonderlike insig en kennis van die roman wat ook in die kontekstuele vrae se beantwoording met vrug gebruik kan word.

**QUESTION 14: Krismis van Map Jacobs- Langvraag**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Dit langvraag was die maklikste een van Afdeling B en C. Leerders het die vraag goed beantwoord.

**(b) Why were the questions poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

Die kandidate het by die antwoord uitgekom. Die swakker kandidaat het egter gesukkel om Map se verskillende rolle te benoem.

Alhoewel die PIV-metode vir swakker kandidate werk, skiet dit die sterker kandidate in die voet. Probeer eerder vir die sterker kandidate leer om 'n stelling/onderwerp te skryf en 'n voorbeeld wat dit ondersteun. In die verduideliking moet die leerder weer uitkom hoe dit skakel met die vraag. Hier beveel ons die PIVS-metode (Punt, Illustrasie, Verduidelik, Skakel met openingstelling) aan.

Wenk: Elke stelling wat die leerder maak, moet korreleer en aansluit by die vraag.

Fokus op die formaat. Inleiding, liggaam (nie net bestaande uit een paragraaf nie) en 'n slot.

Onderwysers moet nie aanneem dat leerders wel weet hoe die formaat van 'n goeie opstel lyk nie.

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

Die kandidate moet asseblief nie in die eerste persoon skryf ("Ek gaan nou bespreek hoe die spreker…") nie en hom/haar weerhou daarvan om te preek.

Daar het 'n nuwe tendens kop uitgesteek en dit is naamlik dat kandidate van retoriese vrae in hulle opstel gebruik maak

Baie leerders het ook aangevoer dat Cavernelis vir Blanchie verkoop het aan wit mans. Dit is 'n feite fout.

Blanchie het uit haar eie besluit om haar pa op so 'n manier te help.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Die kandidate se taal- en skryfvermoë baar groot sorg. Keurige taalgebruik wat in samehangende sinne aangebied word, ontbreek.

Diepte van argumente ontbreek ook wat die logiese vloei en 'n sterk aanbieding kniehalter. Dit bly deurentyd belangrik dat daar 'n goue draad deur die opstel loop wat elke keer na die vraag terugverwys.

Sorg dat die kandidate in jou klas 'n voorbeeld van die rubiek in die hand het en verduidelik aan die hand van dit, hoe hulle werk bepunt word.

**QUESTION 15: Krismis van Map Jacobs – kortvrae**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Kandidate het ook goed gedoen in hierdie vraag. Dit is belangrik dat leerders die drama meer as een keer deurlees en ook moeite doen om te onthou hoe die verskillende gebeure/tonele op mekaar volg.

**(b) Why were the questions poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

15.1 Die vraagstelling het sommige kandidate verwar en dan het hulle eerder verwys na die area in plaas van die era.

15.2.1 Die eerste gedeelte was maklik, maar die kandidate het gesukkel om uit te kom by die manipulasie in die tweede gedeelte.

15.2.2 Billike vraag en dit was goed beantwoord.

15.3 Die stapelvraag het die kandidate gegooi en min het dit reggekry om al vier punte te verwerf. Dit is belangrik om die kandidate te leer om die antwoorde onder mekaar neer te skryf en nie in een paragraaf nie. Dit was egter ‘n maklike vraag en vir die wat kop gehou het, was daar vier ekstra punte.

15.4 Die vraagstelling was lomp en leerders het gesukkel met hierdie vraag. Gelukkig was die memorandum wyd genoeg om verskillende antwoorde te aanvaar.

15.5 Kandidate het die goed beantwoord, alhoewel die memorandum vir detail gevra het. Min kandidate het uitgekom by die feit dat Cavernelis **twee/meer as een** werk doen om sodoende uit die Township uit te kom.

15.6 Kandidate het gesukkel om by die emosies EN redes uit te kom.

15.7 Kandidate sukkel nog steeds om ironie te beantwoord. Kandidate moet in hul antwoord sê wat **verwag** word, **maar** dan gebeur die teenoorgestelde.

15.8.1 Goed beantwoord en ‘n billike vraag.

15.8.2 Kandidate moet die vraag binne konteks van die leesstuk beantwoord.

15.9 Kandidate het maklik by ten minste een rol van Antie Grootmeisie gekom, die tweede een was ‘n bietjie moeiliker.

15.10 Die kandidate het die vraag goed beantwoord en dit was ook baie billik.

15.11 Kandidate moet geleer word om stapelvrae reg te beantwoord. Die antwoorde moet ondermekaar geskryf word.

15.12 Billike vraag en goed beantwoord.

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

| |
|---|
| Onderwysers moet vooraf deur ou vraestelle werk en dit in die teks byskryf. Met die lees van die teks, kan die onderwyser dan die kandidaat bewus maak van moontlike vrae en hoe dit getoets word.<br>Die teks kan nie net deurgelees word nie. Gesels met leerders oor elke karakter, sy eienskappe en gevoelens. Maak ook seker dat leerders die neweteks en die doel daarvan verstaan. |
| **(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.** |
| Skryf gereeld inhoudstoetse en maak kandidate gewoond aan die vraagstelling van die nasionale vraestelle.<br>Help leerders hoe om 'n vraag te ontleed, deur met 'n glimpen die werkwoorde en voegwoorde in te kleur. Dit is ook belangrik dat die leerders kyk na hoeveel elke vraag tel, voor hulle dit beantwoord. |

| **QUESTION 16 – Mis- Langvraag** |
|---|
| **(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
| Daar is min sentrums wat Mis in die Oos-Kaap behandel.<br>Kandidate het eerder die langvraag gedoen, in plaas van die kortvrae. |
| **(b) Why were the questions poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.** |
| Die langvraag was billik en die leerders het wel by die verskillende rolle van konstabel uitgekom. Die wat dit nie kon noem nie, het dit wel omskryf. |
| **(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning** |
| Begin die opstel met 'n kort inleiding (niks meer as die onderwerp in bondige, eie woorde is nodig nie) en moenie dit laat klink asof 'n toespraak volg nie. Die kandidate moet asseblief nie in die eerste persoon skryf ("Ek gaan nou bespreek hoe die spreker…") nie. Geen retoriese vrae nie.<br>Die kandidate moet in die lyfgedeelte van die opstel (paragraaf 2,3,4) die vraag beantwoord deur telkens 'n STELLLING te maak en dan dit met 'n VERDUIDELIKING of 'n ILLUSTRASIE uit die drama te ondersteun. Dit is egter belangrik om te onthou dat die punt weer moet SKAKEL met die vraag en openingsparagraaf. Argumente moenie met kolpunte aangedui word nie.<br><br>Die nasiener is op soek na 'n reeks treffende argumente. 'n Reeks treffende argumente, is stellings wat met:<br>• relevante verduidelikings gemotiveer word;<br>• korrekte, gepaste aanhalings uit die drama gemotiveer word of<br>• geparafraseerde aanhalings uit die drama gemotiveer word. |

’n Treffende argument is nie noodwendig in die formaat punt, verduideliking én illustrasie nie.

Sluit die opstel met ’n kort, samevattende slot af – geen nuwe feite word hier genoem nie. Die taalgebruik moet ook deurgaans formeel en keurig wees.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Die kandidate se taal- en skryfvermoë wek groot kommer. Jaarliks kan daar ‘n verswakking bespeur word. Keurige taalgebruik wat in samehangende sinne aangebied word, ontbreek.

Kandidate moet onthou dat die merkers alreeds die drama ken en dus nie ‘n agtergrond benodig nie. Spring dadelik weg met die verduideliking van die vraag.

Diepte van argumente ontbreek ook, wat logiese vloei en ’n sterk aanbieding pootjie.

Dit bly deurentyd belangrik dat daar **’n goue draad deur die opstel loop wat elke keer na die vraag terugverwys.**

**QUESTION 17: Mis - kortvrae**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Die kandidate wat die kortvrae aangepak het was in die minderheid en het ook baie swakker gevaar as in die langvraag.

**(b) Why were the questions poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

17.1.1 Indien kandidate nie die storielyn goed genoeg ken nie, sal hulle dit mis waar hierdie gedeelte uit die drama uitkom. Dit het dan gemaak dat hierdie baie billike vraag verkeerd beantwoord is.

17.1.2 Baie billike vraag en goed beantwoord.

17.2 Die kandidate moet onthou dat Miem nie die mense wat na die sirkus gaan kyk as boos beskou nie, maar wel die mense/ouers wat hulle kinders toelaat om sirkus toe te gaan. Dit is ook belangrik dat kandidate geleer word wat karaktereienskappe van elke karakter in die verskillende dele van die drama is.

17.3 Leerkragte moet die **dramatiese doelstelling** vir die kandidate in die klas leer en verduidelik. Daar was ‘n duidelike onbegrip om dit te beantwoord in hierdie vraag.

17.4 Kandidate moet gewys word hoe om stapelvrae reg te beantwoord. Deel die vraag op met ‘n glimpen of ander kleur pen. Beantwoord die vraag onder mekaar, elk in sy eie lyntjie. Wanneer iets wat **weerspreek** word beantwoord moet word, is dit nodig om beide kante met ‘n maar te verduidelik.

17.5 Goed beantwoord en ‘n biillike vraag.

17.6 Alhoewel hierdie vraag vier punte was het die leerders dit goed beantwoord. Onthou om kalm te

bly en dit stukkie vir stukkie te beantwoord.

17.7 Indien die kandidate nie die drama goed ken nie, sal hulle sukkel om by die regte antwoord uit te kom. Vir die wat die detail goed ken, was dit bonus punte. Kandidate sukkel egter nog om ‘n emosie en karaktereienskap onderskeidelik te kan benoem.

17.8 **Dramatiese ironie** moet onderrig word. Die antwoord moet uit die leser of kyker se standpunt beantwoord word. Kandidate het gesukkel om dit reg te verwoord.

17.9 Billike en maklike vraag.

17.10 Billike vraag, maar kandidate moet onthou om na beide TEKSTE te verwys in hulle antwoord.

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

Onderwysers moet tydens die lees van die teks stop en die soort vra vrae wat in hierdie vraestel gevra word op daardie bladsy/e wat gelees word, toets. Dit is nie net genoeg dat die kandidate die storie ken om dit te kan vertel nie. Laat hul met die lees van die teks al afleidings maak, die rol van die verteller bekyk, verskille en ooreenkomste aandui, ens. Gebruik hierdie vrae as templaat en staan stil by enige bladsy/e en toets kandidate se insig oor enige gedeelte in die teks aan die hand van hierdie kontekstuele vrae.